# HOOFSTUK 3

## VRAELYS AAN HOOFDE VAN AFRIKAANSE HOëRSKOLE IN TRANSVAAL IN VERBAND MET GESAGSTOEPASSING

### 3.1 Die vraelys (vergelyk bylae A).

#### 3.1.1 Waarom 'n vraelys by hierdie navorsing gebruik is.

As gevolg van die ongunstige kritiek wat die vraelys as navorsingsmetode moet verduur, is 'n student verplig om baie mooi te besin voordat dié metode gebruik word. Die versamel van feite oor gesagstoepassing in hoërskole sou egter nie deur ander navoringsmetodes so effektief soos met die vraelys kon geskied nie.

Met die ondersoek wou vasgestel word wat die situasie tans in skole is en daarom kon die eksperimentele metode nie gebruik word nie. Omdat die onderwerp ook nie handel oor duidelike meetbare sake nie, nie die gevolge van gesagshandelinge wou bepaal nie en daar nie 'n definitiewe program van meting om vordering aan te toon moontlik was nie, is daar besluit om nie van middele soos eksperimente en toetse gebruik te maak nie.

Alhoewel van waarneming ook gebruik gemaak is, was dit nie moontlik om wetenskaplike aantekeninge en verslag daarvan te lewer nie en daar was sake in die studieveld soos hoofde se gesindhede wat nie anders as deur persoonlike onderhoud en/of 'n vraelys bepaal kon word nie.

Met/....

Met slegs twee navorsingstegnieke vir dataversameling, wat vir die ondersoek effektief kon funksioneer, naamlik die persoonlike onderhoud en die questionnaire, is op laasgenoemde besluit omdat :

- dit baie minder tyd van die samewerkende skoolhoof verg as hy 'n vraelys moet voltooi as wanneer 'n onderhoud aangevra word.
- die vraelys enige tyd voltooi kon word soos wat die beantwoorder verkies en hom nie aan 'n bepaalde afspraak bind nie.
- dit baie minder kos om die metode te gebruik as om te reis en hoofde persoonlik te besoek.
- meer persone se opinies verkry kon word met die vraelys as wat prakties moontlik sou wees deur die persoonlike onderhoud.
- dit met 'n onderwerp waaroor 'n polemiek baie moontlik is, makliker is om mense se standpunt op skrif te vra as om daaroor met elkeen 'n onderhoud te hou.
- minder praktiese probleme ondervind word om verslag te hou van gegewens wat met 'n vraelys versamel is.
- die tydsfaktor die ondersoeker ook genoodsaak het om 'n navorsingsmetode te gebruik wat by die omstandighede aanpas. 'n Vraelys se gegewens word in baie minder tyd versamel en kan in enige tyd, dag of nag verwerk word.

3.1.2 Waarom slegs Afrikaanse skole in die ondersoek betrek is?

Die formulering van 'n skool se beleid oor gesag en ander belangrike sake geskied normaalweg op grond van die gesagsdraers se mens-, lewens- en wêreldbeskouing. Kultuur, tradisie, gesagsbeskouings en lewensopvattinge is partikuliere aangeleenthede. Omdat Transvaalse hoërskole 'n heterogene bevolking dien, kon die ondersoek, tensy dit van

meet /....

meet af aan 'n vergelykende studie wou wees, beslis nie alle hoërskole insluit nie.

Sonder om te beweer dat daar 'n verskil in gesagstoepassing tussen Afrikaanse en ander hoërskole bestaan, wou die ondersoek nie die verskillende skole gelyktydig bestudeer nie. Sodoende is 'n moontlike polemiek en onnodige vergelykings vermy en 'n kleiner terrein naamlik dié van die Afrikaanse hoërskool alleen onder die soeklig gebring om sodoende vir skoolhoofde van Afrikaanse hoërskole antwoorde te probeer vind op vrae wat hulle spesifiek raak.

Dit was nodig om die veld van ondersoek te beperk, sodat versamelde data tendense vertoon waaruit bruikbare afleidings gemaak kan word. As alle hoërskole ingesluit was, kon moontlike verskille in opvattings oor aktuele sake veroorsaak het dat die ondersoek tot niks lei nie.

3.1.3 Die doel met die vraelys.

Die doel met die vraelys was :

* om nie slegs die teoretiese aspekte van die probleem te bestudeer nie; gevolglik moes op een of ander wyse inligting uit die praktyk ingewin word;
* om teorie en praktyk bymekaar te bring en gesamentlik te deurskou;
* om die ontstaan van 'n skynbaar al groter wordende gaping tussen die twee groepe mense wat opvoedingswerk doen te bepaal, te wete :
  - die <u>opvoeders</u> - hulle wat opvoedingswerk doen sonder enige noemenswaardige opleiding in pedagogiek. "Hulle verwerklik opvoedingsessensies sonder dat hulle daarvan

bewus /.....

bewus is dat dit wel is wat hulle doen" (Gerber, 1974, p. 8); en

die pedagoë - deskundige opvoeders wat wetenskaplik geskool is in die Pedagogiek. Hulle maak besondere studie van opvoedingsessensies met hulle sin en sinsamehange (Ibid. pp. 9 en 10).[1]

* om gegewens te bekom oor gesagstoepassing in Transvaalse Afrikaanse hoërskole en veral om te probeer vasstel watter metodes deur hoofde toegepas word;
* om te bepaal watter reëls tans vir sekere sake geld en hoe dit toegepas word;
* om skoolhoofde se menings te verkry oor aktuele sake soos tug, demokrasie in die skool, leerlinge se houding teenoor gesag, die rol en taak en hulpmiddels van skoolhoofde, ouers se ondersteuning en vele meer (vergelyk vraelys in bylae A);
* om feite wat verkry is te deurdink, te keur, te interpreteer, te bespreek en waar moontlik te gebruik om aanbevelings te maak en 'n bydrae te probeer lewer tot die verbetering en verfyning van beginsels wat verband hou met gesagstoepassing in hoërskole.

3.2 Die vraelys self - vorm en organisasie.

* Die vraelys het betaan uit drie afdelings :

AFDELING A. Die vrae kon voltooi word deur slegs 'n kruisie te maak in die toepaslike ruimte. (Vrae 1 - 26)

AFDELING B. Die vrae moes voltooi word deur antwoorde in betrokke ruimtes neer te skryf. (Vrae 27 - 43)

---

1. Baie goeie en duur navorsing en opvoedkundige essensies gaan vir die opvoeder in die praktyk verlore omdat die pedagoë se deskundige boodskap net nie altyd in verstaanbare taal tot hom kom nie - altans nie in die tyd wat hy beskikbaar het om dit te ontsyfer nie.

AFDELING C. Die vrae het hoofde versoek om 'n voorkeurorde te bepaal van gegewe alternatiewe, deur slegs syfers langsaan in te vul.

. Vrae is nie volgens temas nie, maar volgens vorm geklassifiseer omdat dit vir die beantwoorder baie geriefliker is om 'n bepaalde vraagtipe op 'n keer af te handel. Verder is getrag om die maklikste vrae, wat in sekondes beantwoord kon word, eerste te plaas om sodoende meer deelnemers te verseker, want as 'n vraelys maklik lyk, begin iemand eerder om dit te beantwoord. As daar eers begin is, bestaan die moontlikheid dat dit enduit voltooi kan word, selfs al word dit geleidelik moeiliker. Deur vrae volgens vraagtipe te klassifiseer kan kontrole vrae ook meer effektief versteek word.

* Voordat die vraelys aan 'n opvoedkundige vir beoordeling voorgelê is, was kommentaar van twee hoofde verkry om die tydsduur om dit te voltooi te bepaal en om ander praktiese probleme te probeer regstel. Hulle het geskat dat 40 minute nodig sal wees vir die voltooiing van die vraelys. Wysigings wat hulle en die opvoedkundige aanbeveel het, is aangebring.

* Hierna is die vraelys aan die Direkteur van Onderwys in Transvaal gestuur om toestemming te verkry om dit te versprei. Die toestemming is ontvang sonder dat enige wysigings aan die vraelys voorgestel is. (Brief Bylae C). Niemand is gevra om met die taalversorging van die vraelys te help nie.

* Die vraelys is afgerol en saam met 'n begeleidende brief (Bylae B) aan die hoofde van Afrikaanse hoërskole, wat in die amptelike adreslys van die Transvaalse Onderwysdepartement verskyn, gestuur. Alleenlik skole waar die taalmedium slegs Afrikaans is, is betrek by die ondersoek. 'n Gefrankeerde en geadresseerde koevert, waarin hoofde die voltooide vraelys moes terugstuur, is ingesluit.

* Die vraagstuk van 'n geldende steekproef was 'n probleem. Aanvanklik sou minder skole betrek word, mits dit as 'n verteenwoordigende monster beskou kon word. Omdat die lys van skole wat as verteenwoordigende monster van die Afrikaanse hoërskole kon dien, nie betyds van die Onderwysburo ontvang is nie en lyste op 'n

bepaalde /....

bepaalde datum gepos moes word, is toe besluit om al die Afrikaanse hoërskole te betrek. Die groep medewerkers is dus vrywilligers en daarom moet die volgende pertinent gestel word :

> die ondersoek het geskied in skole waarvan hoofde bereid was om moeite te doen en met die invul van 'n vraelys te help om aspekte van gesagstoepassingsprobleme op die wyse te help opklaar.

As gevolg hiervan sal daar nêrens die afleiding gemaak word dat skoolhoofde in Transvaalse Afrikaanse hoërskole 'n bepaalde standpunt huldig nie. Diegene wat nie gereageer het nie, kan almal 'n ander siening hê waarvan nou nie kennis geneem is nie. Dit kan egter aanvaar word dat hulle wat wel bereid was om heelwat moeite vir die saak te doen, se opinies daaroor waardevol is en kennis van geneem behoort te word.

* In 'n poging om 'n goeie reaksie te verkry, is die vraelys net voor die April-vakansie (1976.04.03) aan die hoofde gestuur. Daar is 120 vraelyste uitgestuur.
* Daar was nie 'n keerdatum gestel nie en op 26 Mei is begin met die verwerking van die gegewens van die 67 vraelyste wat toe voltooid terugontvang was. Omdat die vraelyste wat terugontvang is anoniem moes bly, kon geen opvolgvraelyste gestuur word nie.
* Antwoorde wat uit die vraelys verkry is, is opgesom of gegroepeer.
* Berekenings is met 'n elektroniese rekenaartjie gedoen en gekontroleer. Die advies van 'n deskundige in statistiek by die P.U. vir C.H.O. is ingewin, sodat versamelde gegewens sinvol weergegee kon word.
* Omdat gegewens uit die vraelys heeltemal voldoen het aan die verwagtinge, is geen verdere pogings aangewend om kommunikasie met hoofde te bewerkstellig nie.
* Die 67 bruikbare vraelyste wat terugontvang is, verteenwoordig 56% van die wat uitgestuur is. As die hoofposte wat op daardie stadium, om een of ander rede, vakant was, afgetrek word van die 120 moontlikes, sal die persentasie van hoofde wat positief gereageer het, ongeveer 60% wees. Dit moet as 'n goeie reaksie beskou word as in ag geneem word wat Taute in die verband sê: "Stuur die vraelyste aan so 'n groot aantal persone dat u later gegewens van 'n werklik verteenwoordigende aantal skole sal hê.

En onthou dat 'n mens lank nie al die vraelyste gaan terugontvang nie. Die ondersoeker kry selde meer as 50% van die vorme terug". (Taute en Jansen van Rensburg, 1942, p. 28). Verder moet onthou word dat hoofde 'n vol program het en dat dit 'n lang en moeilike vraelys was.

3.3 Verslag van antwoorde terug ontvang

AFDELING A : (Hoofde kon antwoorde by hierdie afdeling slegs met 'n kruisie op die vraelys aandui).

Vraag 1. Alle hoofde wat die vraelys voltooi het se huistaal is Afrikaans.

TABEL 1. Ouderdom en Ervaring van hoofde wat die vraelys voltooi het.

| Ouderdom | Ervaring as hoof | | | | Totaal | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | minder as 5 jr | 5-10 jr | 10-15 jr | meer as 15 jr. | | |
| Jonger as 40 jr | 5 | 0 | 0 | 0 | 5 | 7 |
| 40 tot 50 jr | 25 | 8 | 1 | 0 | 34 | 51 |
| Ouer as 50 jr | 5 | 8 | 6 | 5 | 24 | 36 |
| Binne 3 jr. van aftreedatum | 0 | 0 | 2 | 2 | 4 | 6 |
| Totaal | 35 | 16 | 9 | 7 | 67 | 100 |
| % | 52,2 | 24 | 13,4 | 10,4 | 100 | |

Vraag 2. Ouderdom van skoolhoof .... tabel 1

Vraag 3. Ervaring van skoolhoof .... tabel 1

* Hierdie antwoorde word in hoofstuk 8 (p. 203) behandel.

Die /....

* Die verkreë monster van hoofde verteenwoordig volgens die tabel ongeveer 50% met baie ervaring en 50% met betreklik min ervaring. 58% is jonger as 50 jaar en 42% is ouer as 50 jaar.

Vraag 4 TABEL 2

| Hoe word u skoolreëls aan u leerlinge bekendgemaak? | % hoofde wat metode gebruik | % hoofde wat metode saam met ander metodes gebruik |
|---|---|---|
| 1. Oorhandig as geskrewe stuk bv. afgerol of gedruk | 66% | 21% |
| 2. Kennisgewings op kennis-gewingsborde | 15% | 13% |
| 3. Slegs mondeling aange-kondig soos nodig | 52% | 22% |
| 4. Ander wyse (meld kortliks asseblief) | 6% | 6% |

* Hoofde wat ander wyse gebruik, het die volgende metodes genoem :
   - Aan st. 6 leerlinge gedurende oriënteringsweek geleer.
   - Omsendbrief aan ouers.
   - Deur leerlingraad tydens saalbyeenkomste.
   - Deur voogonderwysers tydens voogperiodes.
   - As afgerolde stuk aan alle nuwe leerlinge.

* Hoofde gebruik meer as een van die metodes gelyktydig soos in die antwoord aangedui. Dit impliseer dat byvoorbeeld 45% slegs geskrewe reëls het, maar saam met die 21% wat dit saam met ander metodes toepas is daar dus 66% wat van geskrewe reëls gebruik maak.

* Hierdie vraag word in hoofstuk 6 (p.133) behandel.

Vraag 5. TABEL 3

| Het u voorskrifte ten opsigte van haarstyl in u skool? | % hoofde wat Ja geantwoord het |
|---|---|
| 1. Vir manspersoneel | 34% |
| 2. Vir proefstudente | 33% |
| 3. Vir damespersoneel | 12% |
| 4. Vir seunsleerlinge | 100% |
| 5. Vir dogtersleerlinge | 100% |

* Hierdie vraag word in hoofstuk 6 (p.134) behandel.

Vraag 6.

Is u skoolreëls geregistreer by die T.O.D.?

| | |
|---|---|
| Ja | 13% |
| Nee | 87% |

* Hierdie vraag word in hoofstuk 6 (p. 133) behandel.

Vraag 7. TABEL 4

| Hoe het u skoolreëls ontstaan? | % hoofde wat metode noem |
|---|---|
| 1. Deur uself opgestel | 24 |
| 2. Deur u voorgangers opgestel | 33 |
| 3. Deur hoof en personeel bv. by personeelvergaderings | 63 |
| 4. Deur hoof na samesprekings met ouers opgestel | 1 |
| 5. Ander wyse (meld asseblief kortliks) | 12 |

* By no. 5 is die volgende metodes genoem :

- Hoof, personeel en ouers bv. Beheerraad stel dit op.
- Prefekte en senior leerlinge maak die reëls.
- Prefekvoog en prefekte stel dit op.
- Reëls word van voorgangers geërf en deur jare aangepas — dit is nie staties nie.

* Die vraag word in hoofstuk 6 (p. 134) behandel.

Vraag 8.

a. Het u gedragsvoorskrifte vir u leerlinge in hulle private lewe buite skoolure? (bv. saans, smiddae, vakansies)

| | |
|---|---|
| Ja | 61% |
| Nee | 39% |

b. Hier volg enkele situasies. Kies u optrede en dui met 'n kruis aan :

TABEL 5 /....

TABEL 5

| % Hoofde wat bepaalde optrede verkies | 1 Sal individueel straf of berispe | 2 Slegs algemene vermaning aan alle leerlinge oor die saak - saalperiode | 3 Hoofde wat no. 1 en no. 2 saam verkies | 4 Ignoreer |
|---|---|---|---|---|
| 1. Rook my munisipale swembad in namiddag | 76 | 15 | 7 | 1 |
| 2. Drink bier by biertuin of skou (matig) | 93 | 3 | 4 | 0 |
| 3. Drink alkoholiese drank saam met ouers tuis (matig) | 13 | 15 | 1 | 70 |
| 4. Ruik na drank (maar beslis nie besope nie) by skool tydens fliek of ander funksie | 97 | 0 | 3 | 0 |
| 5. Is swak gekleed by dorp se rugbywedstryd of plaaslike bioskoop Saterdagmiddag/aand | 40 | 45 | 6 | 9 |
| 6. Bestuur ouers se motor op openbare pad sonder lisensie | 24 | 49 | 1 | 25 |
| 7. Skuldig aan drankmisbruik waarvan u hoor - (nie naby skool nie) | 73 | 18 | 6 | 3 |

* Die vraag word in hoofstuk 6 (p.134) behandel.

Vraag 9. TABEL 6

| Mag u leerlinge dans? | % hoofde wat antwoord |
|---|---|
| 1. Ja, maar nie by skool nie | 63% |
| 2. Ja, soms selfs by skool | 22% |
| 3. Ja, by skoolfunksies | 13% |
| 4. Nee | 4% |

* Een hoof wat by no. 2 en een wat by no. 3 geantwoord het, het duidelik gestel dat dit slegs met matriekafskeid toegelaat word.

* Hierdie vraag word by hoofstuk 6 (p.135) behandel.

Vraag 10 /...

Vraag 10.

Het u skool 'n leerlingraad of prefektestelsel?

| | |
|---|---|
| Ja | 100% |
| Nee | 0% |

* Hierdie vraag word by hoofstuk 7 (p.151) behandel.

Vraag 11. TABEL 7

| Weet u aan watter kerk u hoofseun en hoofmeisie behoort? | % hoofde wat antwoord |
|---|---|
| 1. Ja, terloops | 49 |
| 2. Ja, ek maak seker | 42 |
| 3. Weet nie | 3 |
| 4. Maak nie saak nie | 7 |

* 5 hoofde het gesê ja, maar dit beïnvloed geensins die stemming nie.

* Hierdie vraag word in hoofstuk 7 (p.153) behandel.

Vraag 12. TABEL 8

| Hoe word u leerlingraad verkies? | % hoofde wat metode gebruik |
|---|---|
| 1. Deur leerlinge alleen, demokraties | 1 |
| 2. Deur personeel alleen, demokraties | 3 |
| 3. Leerlinge en personeel, demokraties | 16 |
| 4. Leerlinge en personeel, maar met personeelvetoreg | 75 |
| 5. Ander wyse (meld asseblief kortliks) | 4 |

* Hoofde noem by no. 5 die volgende metodes :

- Leerlinge nomineer, personeel veto en hoof stel aan
- Personeel nomineer en leerlinge kies
- Hoof stel sy prefekte aan.

* Hierdie vraag word in hoofstuk 7 (p.153) behandel.

Vraag 13 /....

Vraag 13. TABEL 9

| Beskou u lyfstraf as noodsaaklik? | % hoofde wat antwoord |
|---|---|
| 1. Beslis in baie gevalle | 64 |
| 2. Selde, maar tog | 34 |
| 3. Beslis nie | 0 |

* Hierdie vraag word in hoofstuk 8 (pp. 185-187) behandel.

Vraag 14.

Het u skool 'n geskrewe personeelhandleiding waarin standaardinstruksies oor interne beleidsake uiteengesit word?

| | |
|---|---|
| Ja | 91% |
| Nee | 6% |

* Die ander twee hoofde antwoord dat hulle besig is om een op te stel.

* Hierdie vraag word in hoofstuk 5 (p.103) en 8 (p. 211) behandel.

Vraag 15. TABEL 10

| Sonder u afsonderlike speelterreine vir seuns en meisies af gedurende pouses? | % Hoofde wat antwoord |
|---|---|
| 1. Ja, almal alle dae | 33 |
| 2. Ja, juniors alle dae - seniors nie geskei | 3 |
| 3. Ja, maar sommige dae geld die reël nie | 3 |
| 4. Nee, pas nie "apartheid" toe nie | 51 |

* Twee hoofde wat no. 4 gebruik, stel dit duidelik dat hulle nie "afparing" toelaat nie.

  - Een gebruik drie terreine naamlik, een vir st. 10 leerlinge; een vir ander seuns; een vir ander dogters.

  - 'n Ander het ook drie terreine naamlik, een vir seuns; een vir meisies; een gemeng vir leerlinge wat dit verkies.

* Hierdie vraag word in hoofstuk 6 (p.135) behandel.

Vraag 16 /....

Vraag 16. TABEL 11

| Het u seniorleerlinge sekere opsigtelike voorregte bo juniors? | % hoofde wat antwoord |
|---|---|
| 1. Nee, niks | 60 |
| 2. Ja, kleredragtoegewings | 19 • |
| 3. Ja, afsonderlike kleedkamers | 24 • |
| 4. Ja, ander (meld asseblief kortliks) | 7 |

• Sewe hoofde het no. 2 en no. 3 gesamentlik in gebruik.

* Hoofde het by no. 4 die volgende geskryf :

- Aparte sitplek in saal
- Leerlingraad het eie geselligheidskamer
- St. 10-leerlinge het eie speelterrein
- St. 10-leerlinge studeer tuis tydens eksamen.

* Hierdie vraag word in hoofstuk 6 (p.136) behandel.

Vraag 17. TABEL 12

| Wat is u standpunt oor verdere bevordering? | % hoofde wat antwoord |
|---|---|
| 1. Ek mik nog doelbewus na bevordering | 21 |
| 2. Ek sal verdere bevordering oorweeg as dit op my pad kom | 52 |
| 3. Ek sal liefs skoolhoof bly totdat ek aftree | 27 |

* Twee hoofde het 'n nota by no. 3 geplaas.

- Weens jarelange onsuksesvolle metodes stel ek feitlik nie meer belang nie.
- Dit is nie 'n geval van geen ambisie nie, maar ek het 'n baie belangrike taak in die hoërskool.

* Hierdie vraag word in hoofstuk 8 (p.199) behandel.

Vraag 18.

Het u skool prestasietoekennings soos merietesertifikate, erekleure, ens.?

| | |
|---|---|
| Ja | 99% |
| Nee | 1% |

* Hierdie vraag word in hoofstuk 8 (p.178) behandel.

Vraag 19. TABEL 13

| Wie behoort volgens u die meeste seggenskap te hê in die bepaling van die doelstellings van die opvoeding? | % hoofde wat antwoord |
|---|---|
| 1. Staat | 15 |
| 2. Ouerhuis | 6 |
| 3. Onderwyskorps | 69 |

* Drie hoofde is van mening dat aldrie saam die seggenskap moet hê.
* Vier hoofde sê die staat en onderwyskorps moet saam besluit
* Hierdie vraag is reeds in hoofstuk 2 (p.42 ) behandel.

Vraag 20. TABEL 14

| Hoe vind u die leerlinge se smaak en oordeel by leerlingraadsverkiesings? | % hoofde wat antwoord |
|---|---|
| 1. Hulle kies uitstekend | 30 |
| 2. Hulle kies redelik goed | 63 |
| 3. Hulle kies oor die algemeen swak | 3 |

* Hoofde het notas hierby gemaak :
  - Twee se leerlinge het nie stemreg nie.
  - Een sê leerlinge stem uitstekend maar nomineer swak.
* Hierdie vraag word in hoofstuk 7 (p.154) behandel.

Vraag 21 TABEL 15

| Het u probleme met ongehoorsaamheid ten opsigte van : | | % hoofde wat antwoord |
|---|---|---|
| 1. Seun-dogterverhoudings : | Nooit<br>Selde<br>Dikwels | 6<br>87<br>3 |
| 2. Kleredragvoorskrifte : | Nooit<br>Selde<br>Dikwels | 6<br>87<br>7 |
| 3. Haarstylvoorskrifte : | Nooit<br>Selde<br>Dikwels | 0<br>55<br>45 |

* By no. 1 het drie hoofde geantwoord nie van toepassing.
* Hierdie vraag word in hoofstuk 6 (p. 137) behandel.

Vraag 22 /....

Vraag 22. TABEL 16

| Sou u sê u leerlinge is aan strenger haarstyl en ander voorskrifte onderhewig as by : | % Ja antwoorde |
|---|---|
| 1. Ander hoërskole in u omgewing | 46 |
| 2. U naaste laerskool | 33 |
| 3. Hulle ouerhuis | 80 |

* Hierdie vraag word in hoofstuk 6 (p.137) behandel.

Vraag 23. TABEL 17

| Sou u sê u leerlinge aanvaar gesag | % hoofde wat antwoord |
|---|---|
| 1. Oor die algemeen spontaan | 84 |
| 2. Redelik krities | 9 |
| 3. Slegs nadat hulle met die sinvolheid daarvan ingestem het | 7 |

* Twee hoofde meld by no. 1 : na motivering.

* Hierdie vraag is in hoofstuk 4 (p.92 ) behandel.

Vraag 24. TABEL 18

| Sou u sê 'n skoolhoof se pligte, verantwoordelikhede en probleme het die afgelope drie jaar : | Antwoorde as % |
|---|---|
| Min of meer konstant gebly | 15 |
| Beslis toegeneem (vermeerder) | 85 |
| Beslis afgeneem (verminder) | 0 |

* Hierdie vraag word in hoofstuk 8 (p.207) behandel.

Vraag 25. TABEL 19

| Het 'n skoolhoof se magte, regsposisie en outoriteit die afgelope drie jaar : | Antwoorde as % |
|---|---|
| Konstant gebly | 67 |
| Verbeter | 1 |
| Verswak | 27 |

Drie /....

* Drie hoofde het die vraag nie beantwoord nie. Een het geskryf die vraag is "paradoksaal"

* Hierdie vraag word in hoofstuk 8 (p.207) behandel.

Vraag 26. TABEL 20

Gee asseblief in die volgende gevalle u oordeel deur u keuse van optrede met 'n kruisie aan te dui :

| SAAK WAT ONDER U AANDAG KOM | Antwoorde gegee as % | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 |
| | Sal inroep en vermaan | Sal straf | Sal verhouding belet | Sal niks doen nie - saak is in orde |
| 1. St. 6 dogter "kys" met st. 9 of st. 10 seun | 45 | 0 | 4 | 46 |
| 2. St. 9 of tien dogter het verhouding met volwasse jongman. Hy bring haar in die môre skool toe. | 64 | 4 | 6 | 22 • |
| 3. Twee senior leerlinge is baie dikwels in mekaar se geselskap en hulle loop onder andere en handjies houvas saans by skoolfunksies | 66 | 10 | 3 | 16 |
| 4. Twee "gekysdes" van u skoliere sit tydens 'n skoolfliek agter in die saal "hand om die lyf" | 64 (i) | 15 | 6 (x) | 10 |

* Twee hoofde het geskryf nie van toepassing.

• Een het gemeld: slegs met ouers se toestemming.

(i) Drie het gesê: slegs as eerste keer, later straf.

(x) Een sê: nie verhouding nie maar handeling.

* Drie hoofde kon nie 'n keuse doen in die volgende gevalle nie :

- By no. 1 tussen moontlikhede 1 en 4 (een geval)
- By no. 3 tussen moontlikhede 1 en 3 (een geval)
- By no. 4 tussen moontlikhede 1 en 2 (een geval)

* Na hierdie antwoorde word in hoofstuk 6 (p.136 ) en -8 (p.196) verwys.

## AFDELING B

(By hierdie vrae moes hoofde die antwoorde invul)

Vraag 27. TABEL 21

| Hoeveel kinders is in u skool? | Totaal vir 67 skole | Gemiddelde inskrywing per skool |
|---|---|---|
| Seuns | 24 551 | 372 |
| Meisies | 26 229 | 423 |
| Totaal | 50 780 | 757 |

* Almal het die vraag voltooi. Die totaal en gemiddelde inskrywing van al 67 skole word hier aangegee.
* Twaalf skole het meer as 1 000 leerlinge. Drie is baie groot :
  . 1 424
  . 1 348
  . 1 326

  21 skole het tussen 750 en 999 leerlinge

  17 skole het tussen 600 en 749 leerlinge

  8 skole het tussen 400 en 599 leerlinge

  8 skole het tussen 200 en 399 leerlinge

  1 skool het minder as 200 leerlinge.
* 75% van die skole het meer as 600 leerlinge.
* 5 skole is suiwer seunskole en
  1 skool het slegs dogtersleerlinge.
* Hierdie vraag se gegewens word in hoofstukke 7 (p.154) en 8 (p.193) gebruik.

Vraag 28. TABEL 22.

| Uit hoeveel lede bestaan u leerlingraad? | Totaal | Gemiddeld per skool |
|---|---|---|
| Seuns | 807 | 12 |
| Meisies | 767 | 12 |
| Totaal | 1 574 | 24 |

* Hierdie gegewens word in hoofstuk 7 (p.154) behandel.

Vraag 29. TABEL 23

Waarvoor, indien wel, het u skool in 1975 spesiale of merietetoekennings aan leerlinge gemaak? (bv. sport ± 70). Noem slegs die belangrikstes :

| TOEKENNING | Geskatte aantal leerlinge wat ontvang het in totaal | % skole wat so 'n toekenning doen |
|---|---|---|
| 1. Sport | 2 688 | 97 |
| 2. Akademie | 4 268 | 93 |
| 3. Kultuur | 644 | 51 |
| 4. Leierskap | 78 | 19 |
| 4. Diensbaarheid | 65 | 12 |

* Die geskatte aantal leerlinge is ingevul, maar is onbetroubaar veral ook omdat vyf hoofde nie 'n getal ingevul het nie.

* Verdere sake is deur hoofde genoem :
  - Vaktoekennings
  - Spesiale toekennings
  - Goeie gedrag en kadette.

* Hierdie gegewens word in hoofstuk 8 (p.178) gebruik.

Vraag 30: Wat is u hoofdoel met merietetoekennings?

* Antwoorde ontvang word soos volg opgesom en saamgevat :
  - Aanmoediging deur erkenning - 45%
  - Motiveer en inspireer tot prestasie - 40%
  - Aansporing - 10%
  - Beloning - 4%

* Hierdie vraag word in hoofstuk 8 (p.178) behandel.

Vraag 31: Stel kortliks u standpunt oor gesagsdelegering in die volgende paragrawe :

a. Noodsaaklik in die volgende sake ...

b. U geskikste metode van delegering ...

c. 'n Belangrike rede vir delegering ...

d. Die mees algemene probleem by delegering ...

* Hoofde het hier 'n hele reeks sake genoem. Dit word in hoofstuk 5 volledig gerapporteer en behandel (p.103).

Vraag 32: Wat is tans die grootste probleem (enige een) by u skool?

Hoofde /....

* Hoofde het hier goed gereageer. Die antwoorde hierop word in hoofstuk 8 volledig bespreek. (p.165).

Vraag 33: Hoe straf u dogtersoortreders? (Gee asseblief die metode wat u oor die algemeen prakties en doeltreffend vind).

* Goeie reaksie is van almal ontvang. Dit word volledig behandel in hoofstuk 8 (p.187).

Vraag 34: Wat is volgens u die skadelikste? Te streng dissipline of te min dissipline? Motiveer kortliks.

* Hoofde het goed reageer. Die gegewens is verwerk en volledig gerapporteer in hoofstuk 4. (p. 93 en 98 - 100).

Vraag 35: Meld die hoofdoel met u skool se reëls :

* Goeie reaksie is ontvang. Dit word volledig gerapporteer in hoofstuk 6 (p. 128).

Vraag 36: Watter geskatte persentasie van u beslissings gee u sonder raadpleging van u vise-hoofde of ander persone?

* 34 hoofde gee meer as 50% van hulle beslissings sonder raadpleging en
* 33 hoofde gee minder as 50% van hulle beslissings sonder raadpleging van ander.
* Hierdie vraag word in hoofstuk 7 (p.149) en hoofstuk 8 (p. 210). behandel.

Vraag 37. TABEL 24

Watter geskatte persentasie van die ouers verkies dat die skool baie streng moet wees?

| % ouers wat volgens hoofde 'n baie streng skool verkies | % hoofde wat antwoord |
|---|---|
| Tussen 90 en 100% | 57 |
| Tussen 75 en 89% | 22 |
| Tussen 60 en 74% | 13 |
| Minder as 60% | 8 |

* Hierdie gegewens word in hoofstuk 4 (p. 89 ) behandel.

Vraag 38: In watter sake vind u dat ouers u gesag en u skoolbeleid die minste ondersteun? (Noem asseblief twee aspekte in rangorde),

* 21 hoofde (31%) antwoord geen.
* Antwoorde wat hoofde verstrek, is opgeneem in hoofstuk 4 (p. 91).

Vraag 39: Wat verwag ouers hoofsaaklik van die skool?

* Hoofde se antwoorde is opgesom en in hoofstuk 4 (p. 90) weergegee. Dit word ook in hoofstuk 8 (p.174) gebruik.

Vraag 40.

Is daar 'n norm of standaard wat u stel en waaroor u nooit bereid is om te redeneer nie, waarvoor u summiere gehoorsaamheid en instemming eis?

| |
|---|
| Ja 73% |
| Nee 27% |

* Hierdie vraag word in hoofstuk 4 (p. 80) behandel.

Vraag 41: Indien u by Vraag 40 "Ja" geantwoord het - stel die norm kortliks asseblief :

* Antwoorde wat hier ontvang is, word in hoofstuk 4 (p. 80) behandel.

Vraag 42: Sê kortliks wat volgens u 'n hoof se vrou se taak by sy skool moet wees. (bv. moet konserte reël; personeelfunksies reël; of het nie 'n pligstaat nie, want sy is nie by die skool in T.O.D. diens nie.)

* Hierdie gegewens is verwerk en in hoofstuk 8 (p.200) behandel.

Vraag 43: Wie behoort te besluit oor die aard en vorm van 'n matriekafskeidsfunksie? (bv. komitee saamgestel uit Beheerraad, standerd nege-onderwysers en standerd nege-ouers).

* Hierdie vraag is in hoofstuk 7 (p.146) behandel.

## AFDELING C

(Hoofde moes alternatiewe oorweeg en 'n voorkeurorde aandui deur syfers 1 tot 5 langs gegewe alternatiewe te plaas)

Berekening van puntetotale is soos volg gedoen :

Aan hoofde se eerste keuse is volpunte toegeken (vraag 44 - 7; 45 - 6; 46 - 6; 47 - 6; en 48 - 5). Aan 'n tweede keuse is een punt minder toegeken en so totdat aan 'n laaste keuse 1 punt toegeken is. Op hierdie wyse is bepaal watter alternatief die meeste punte verdien het en watter een die tweede meeste, ensovoorts.

Die persentasieberekening is soos volg gedoen :

Voorbeeld : In vraag 44 was 62 antwoorde bruikbaar en die hoogste punt wat 'n alternatief in een vraelys kon verdien, 7 punte. Die hoogste moontlike totaal was dus 62 x 7 = 434. Deur nou 'n alternatief se werklike totaal as persentasie van die moontlike totaal uit te druk kon dié besondere alternatief se persentasie-prestasie in die vraag bepaal word.

Byvoorbeeld :

1. Formele studie in die Opvoedkunde $\frac{192}{434} \times \frac{100}{1} = 44,2\%$

<u>Vraag 44.</u> <u>TABEL 25</u>

| Wat beskou u as u belangrikste hulpmiddels vir die neem van besluite en vir beleidsformulering in u gesagstoepassing? Dui belangrikste vyf aan | Punte-totaal | % | Voorkeur-orde volgens hoofde |
|---|---|---|---|
| 1. Formele studie in Opvoedkunde bv. B.Ed. ens. | 192 | 44,2 | 6 |
| 2. Gereelde lees van Opvoedkundige lektuur | 217 | 50,0 | 5 |
| 3. Eie ervaring en lewensbeskouing | 387 | 89,1 | 1 |
| 4. Wat ek geleer het van my skoolhoofde | 303 | 69,8 | 3 |
| 5. Samesprekings met ouers en ouerkomitees | 219 | 50,5 | 4 |
| 6. Samesprekings met Vise-hoofde en ander kollegas, bv. Senior-assistente | 347 | 80,0 | 2 |
| 7. Ander rede (meld kortliks) | 148 | 34,1 | 7 |

* Slegs 62 antwoorde was bruikbaar (% maksimum 100%, minimum 14%)

* By "ander rede" (no. 7) is die volgende deur hoofde genoem :

- Sin vir eerlikheid en opregtheid.
- Billikheid en regverdigheid.
- Vinger op pols van skool, personeel en ouergemeenskap.
- Beheerraad van skool.
- T.O.D.-Beleid.
- Bybel.
- Deeglike bestudering van huidige situasie en oorweging van wat vir toekoms die beste sal wees.

* Hierdie vraag se gegewens word in hoofstuk 8 (pp.172,199,207) behandel.

Vraag 45. TABEL 26

| Wat behoort volgens u die rangorde te wees in die ideale wat 'n hoof vir sy skool stel (Skryf asseblief self by nr. 6 een in indien u verkies) | Punte-totaal | % | Voorkeur-orde volgens hoofde |
|---|---|---|---|
| 1. Leerlinge moet gelukkig wees | 236 | 59,6 | 4 |
| 2. Leerlinge moet volgens vermoë maksimaal presteer | 294 | 74,2 | 3 |
| 3. Die skool moet die gemeenskap dien | 165 | 41,7 | 5 |
| 4. Die skool moet leerlinge toerus vir hulle verdere lewe | 304 | 76,8 | 2 |
| 5. Die skool moet leerlinge opvoed, leer om te gehoorsaam en in goeie burgers, in landsbelang, te ontwikkel | 317 | 80,1 | 1 |
| 6. Ander (meld asseblief kortliks) | 77 | 19,4 | 6 |

* 66 antwoorde was bruikbaar (%maksimum 100%; minimum 17%)

* By "ander rede" no. 6 is die volgende deur hoofde genoem :

- Hulle moet burgers in Gods koninkryk word.
- Hulle moet positief Christelik georiënteer word.
- Personeel moet gelukkig wees.
- Gemeenskap moet voel dit is "ONS" skool.
- Leerlinge moet besef dat hulle vir hul eie lewens verantwoordelik is.

* Hierdie gegewens word in hoofstuk 8 (pp.172,195) behandel.

Vraag 46. TABEL 27

| Watter aspekte van u gesagstoepassing vind u die moeilikste? (1 by moeilikste, 5 by maklikste) | Punte-totaal | % | Voorkeur-orde volgens hoofde |
|---|---|---|---|
| 1. Toepassing van alle regulasies soos deur T.O.D. vereis | 327 | 82,6 | 2 |
| 2. Straf van leerlinge oor pligsversuim met skoolwerk | 181 | 45,7 | 5 |
| 3. Straf van leerlinge oor wangedrag | 212 | 53,5 | 4 |
| 4. Optrede teen personeel oor pligsversuim | 331 | 83,6 | 1 |
| 5. Inskerping van waardes en beginsels by leerlinge deur bepaalde eise aan hulle te stel | 266 | 67,2 | 3 |
| 6. Ander (meld asseblief kortliks) | 77 | 19,4 | 6 |

* 66 antwoorde was bruikbaar (% maksimum 100%; minimum 17%)

* By "ander rede" no. 6 noem hoofde :

  - Leerlinge swak gedrag wanneer hulle weg van skool is bv. naweke en vakansies.
  - Seuns hare te laat sny.
  - Dogtersoortreders te straf.
  - Om self elke dag in alles 'n voorbeeld te stel.

* Hierdie vraag is in hoofstukke 4 (p. 79), 7 (p. 149) en 8 (pp. 194, 197) behandel.

Vraag 47. TABEL 28

| Wat is volgens u die belangrikste eienskappe van 'n goeie besluit? | Punte | % | Voorkeur-orde volgens hoofde |
|---|---|---|---|
| 1. Moet vir almal aanvaarbaar wees | 175 | 49,4 | 5 |
| 2. Moet vinnig gegee word | 198 | 55,9 | 4 |
| 3. Moet einddoel bereik | 321 | 90,7 | 1 |
| 4. Moet rekening hou met alle regulasies | 260 | 73,4 | 2 |
| 5. Moet getoets word aan nog iemand se oordeel voordat dit gegee word | 216 | 61,0 | 3 |
| 6. Ander (meld asseblief kortliks) | 71 | 20,1 | 6 |

* Slegs 59 antwoorde was bruikbaar (% maksimum 100%; minimum 17%)

* By "ander rede" no. 6 noem hoofde :

- Verantwoord kan word aan eie gewete.
- In belang wees van onderwys.
- Nugter en objektief wees.
- Billik en uitvoerbaar wees.

* Hierdie vraag word in hoofstuk 8 (p.210)behandel.

Vraag 48. TABEL 29

| Wat is volgens u die belangrikste funksie van 'n leerlingraadstelsel? | Punte | % | Voorkeurorde volgens hoofde |
|---|---|---|---|
| 1. Help met orde handhaaf by die skool | 219 | 73,0 | 2 |
| 2. Gee aan jong leiers geleentheid om leierskap te ontwikkel | 267 | 89,0 | 1 |
| 3. Skep 'n demokratiese gees in skool | 173 | 57,7 | 3 |
| 4. Dien as inspraakmiddel | 162 | 54,0 | 4 |
| 5. Ander rede (meld kortliks asseblief) | 75 | 25,0 | 5 |

* 60 antwoorde was bruikbaar (% maksimum 100%; minimum 20%).

* By "ander rede" no. 5 het hoofde die volgende genoem :
  - Goeie skakel tussen leerlinge en hoof en personeel.
  - Help om trots en samehorigheid te bou.
  - Skep geleentheid om verantwoordelikheid te leer.
  - Moet help besin en beplan en uitvoering gee aan besluite.
  - Pligte word aan hulle opgedra en dit vergemaklik taak van personeel.
  - Bevorder samewerking van leerlinge.
  - Hulle stel 'n voorbeeld.
  - Leerlinge aanvaar beslissing komende van leerlinge makliker.

* Hierdie gegewens word in hoofstuk 7 (p.158) behandel.

3.4 Tekortkominge en probleme van die vraelys.

* In die ooywerigheid om soveel as moontlik terreine van moontlike gesagsprobleme te ondersoek, is 'n lang vraelys opgestel. Dit het langer geneem om te voltooi as wat in die begeleidende brief belowe is en het bepaald die aantal gewillige deelnemers verminder.

* Vrae is gerangskik om van maklik en vinnig beantwoordbaar

progressief /....

progressief moeiliker te word om te verseker dat hoofde wel begin met die invul van die vraelys. Die gevolg was dat by belangrike vrae in afdeling C van die deelnemers al moeg en moontlik ongeduldig was en dat die aantal bruikbare antwoorde daar minder was.

* Vraag 8a is klaarblyklik deur 26 hoofde verkeerd verstaan. Hulle het daar "Nee" geantwoord en tog vraag 8b voltooi en deelgeneem aan die bepaling van straf vir leerlinge wat in hul private lewe, buite skoolure, gedragsvoorskrifte oortree het.

* By vraag 45 is die ideaal "Opvoeding tot Christen-wees" doelbewus weggelaat om te probeer bepaal hoeveel hoofde dit as punt 6 onder "ander" sou byvoeg. Slegs twee het dit bygevoeg. Hieruit mag egter nie die afleiding gemaak word dat slegs 3% hoofde die Christelike vir hul skole nastrewe nie. By ander vrae, byvoorbeeld vraag 41, het hulle getoon dat hulle wel hierteenoor positief ingestel is.

* Die vraelys funksioneer baie beter waar feite in plaas van menings gevra word. Om menings te groepeer en statisties te verwerk, skep altyd probleme.

* Hoofde se kwalifikasies moes ook gevra gewees het om byvoorbeeld vraag 44 sinvol te kan gebruik.

* Geskatte hoeveelhede was gevra (vraag 29, 37 en ander.) Dit het die voordeel dat hoofde sonder baie moeite 'n antwoord kon verstrek, maar was statisties min werd.

* Die vraelys het nie alle afdelings van die werk betrek nie, omdat dit reeds baie lank was. Dit is 'n gebrek.

## 3.5 Bruikbaarheid van die antwoorde.

* Antwoorde se gebruikswaarde is beperk. "Jy kan nie van wat is, aflei wat behoort te wees nie". (Taute en Jansen van Rensburg, 1942, p. 29).

* Antwoorde kon egter ook baie goed gebruik word, want uit ander se ervaring, menings en gebruike kan sekerlik geleer word. Tendense kon bepaal word. Die toestande in die praktyk kon met teoretiese ideale vergelyk en aan die hand van menings van outoriteite, krities bespreek word.

In /....

"In die mate wat die kritiek op kennis berus wat absoluut vasstaan, sal lesers van die ondersoeker se verslag en kritiek met sy slotsomme moet saamstem". (Ibid, p. 30).

* Die skoolhoofde wat saamgewerk het, was anoniem, maar uit vraag 27 se antwoorde kon afgelei word dat die monster (deelnemers) verteenwoordigend van alle skole is. Twaalf skole het meer as 1 000 leerlinge; nege het minder as 400 leerlinge; agt-en-dertig se leerlingtal wissel van 600 tot 999 en agt het tussen 400 en 599 leerlinge.